AHi nuusbrief

DESEMBER 2014

## AHi in 'n neutedop

- Nasionale Georganiseerde Besigheidsplatform.
- 110 sakekamers.
- 20 000 sakelede (korporatief, medium, klein en WGO-lede).
- Gemiddelde omset: >R3 m >R1 miljard jaarliks.
- 500 vrywilligers wat die nasionale en provinsiale raad, spesialiskomitees en sakekamers van die AHi dryf.
- Tussen 450 en 500 sakenetwerksessies jaarliks op plaaslike, provinsiale, nasionale en internasionale vlak.
- Tot dusver 600 jong entrepreneurs ontwikkel.
- Samewerking met plaaslike munisipaliteite onderskryf deur CoGTA en SALGA.


# Nuwe ampsdraers van die AHi



***President*** *- Prof Tommy du Plessis, direkteur van die NWU Besigheidskool*



***Tweede visepresident*** *- Dr Ernest Messina, een van Wes-Kaap se voorste sakeleiers*




***Eerste visepresident*** *Christo Botes, uitvoerende hoof van Business Partners*

## Lees binne

**Hoogste eerbewys vir Pravin Gordhan** 3

**Ontwikkelingsprogram vir beginner-entrepreneurs** 4

**George wen Presidentstrofee** 5

**Moenie krag van vroue onderskat nie** 7

# AHi deel kommer oor land se ekonomie

Die AHi het onlangs by Umhlanga langs die Noordkus in KwaZulu-Natal sy jaarlikse kongres gehad. Die besprekings oor die twee dae was opbouend en baie positief.

Hierdie organisasie deel die bekommernis van baie sakelui oor die huidige ekonomiese stand in die land:

- Die drie-dubbele uitdaging van werkloosheid, armoede en ongelykheid moet aandag kry en dit is nie net die verantwoordelikheid van die regering nie.
- Daar is 'n tekort op die handelsrekening van die land se betalingsbalans, owerheidspandering is te hoog en die skuldlas van die gewone Suid Afrikaner is onrusbarend hoog.
- Ons kan ook nie 'n verdere afwaartse aanpassing in die land se kredietgradering bekostig nie.
- Met 'n groeikoers van om en by 1% kan die land beslis nie al die dinge doen wat nodig is om sy ware ekonomiese potensiaal te verwesenlik nie.

*Vervolg op bl 2*

*Vervolg van bl 1*

- Tog het die AHi deur sy korporatiewe en sakelede, sowel as die sakekamernetwerk, beslis die strukture om hierdie potensiaal te laat ontluik.

Dit is nou ongeveer drie jaar dat die Nasionale Ontwikkelingsplan deur 'n verskeidenheid van sakeleiers en deur die fasiliteringsrol van mnr. Trevor Manuel gestalte gekry het.

Na redelik baie debatvoering oor die voor- en nadele van hierdie plan oor die afgelope drie jaar, is daar nou konsensus by die meerderheid sakelui dat ons eintlik nie 'n ander keuse het as om hierdie plan te laat werk nie. Een ding wat egter soos 'n paal bo water staan is dat ons nou klaar "beplan" het en dat ons nou dringend moet begin "implementeer".

Op die pas afgelope AHi-kongres in Umhlanga was twee ministers ook teenwoordig, naamlik, mnr Pravin Gordhan, verantwoordelik vir plaaslike regeringsake, en me Lindiwe Zulu, die nuwe minister vir Kleinsake. Dit is dan juis op hierdie twee gebiede waar 'n organisasie soos die AHi se relevansie onteenseglik bewys kan word.

- Daar is tydens die kongres gehoor van talle sakekamers wat hande met hul plaaslike owerhede gevat het, natuurlik op 'n kritiese maar konstruktiewe manier ten einde veral dienslewering te verbeter. Sakekamers is maar te bereidwillig om hierdie betrokkenheid voort te sit en uit te brei. Hulle wil nie baklei nie hulle wil help want daardeur help hulle ook die plaaslike sakelui.
- Die afgelope jaar het die AHi met 'n program van entrepreneursontwikkeling begin. Meer as 500 jong entrepreneurs van alle tale en rasse is opgelei en die top 16 is ook tydens die kongres vereer. Hierdie jong opkomende entrepreneurs het nou leiding nodig. Waar gaan jy beter leermeesters of mentors kry as binne die Sakekamernetwerk?
- Die oorgrote meerderheid van ons lede is kleinsakeondernemers en ek hoef seker nie uit te brei oor die belangrike rol wat die kleinsakesektor as werkverskaffer in ons land speel nie. Ook wat betref die Nasionale Ontwikkelingsplan word begroot dat sowat 90% van die 11 miljoen werksgeleenthede wat teen 2030 geskep moet word, uit klein en medium-grootte sakeondernemings moet ontstaan.

Hierdie is maar twee praktiese voorbeelde wat die relevansie van die AHi en sy lede bevestig. Dan is daar ook nog die beïnvloedingsrol wat die AHi op die hoogste gesag in die land kan speel.

Daar is die netwerkingsfunksie binne en buite ons landsgrense. Internasionale bande sluit Kamers van Koophandel in België, Nederland, Duitsland, Taiwan, SANEC lande en die VSA in.

Verder ook die opheffing- en opleidingsrol wat onder bestaande en potensiële sakeondernemers gespeel word.

Tog is daar onnodige duplisering omdat daar verskeie organisasies soos die AHi is wat dieselfde doelwitte nastreef en daar moet gesoek word na "gemeenskaplike grond" sodat die sinergie en impak van georganiseerde handel en nywerheid verhoog kan word. Ten einde 'n behoorlike rol in veral beleidsaspekte in die land te speel moet die verskillende organisasies beslis beter georganiseerd wees.

Op die kongres in Umhlanga is ook weereens bevestig dat die AHi 'n inklusiewe organisasie is wat betref taal sowel as ras. In die oorgrote meerderheid van die sakekamers is Afrikaans sekerlik die voertaal, maar dit beperk geensins die toegang tot lidmaatskap nie. Op ons kongres verlede week in Durban is daar meer Engels as Afrikaans gepraat!

Vir individuele lede van sakekamers sal die relevansie van die AHi verhoog, sou die waardeproposisie aan lede sodanig aangepas en uitgebrei word om voorsiening te maak vir moderne sakepraktyke en tegnologiese ontwikkelinge. Dit bly een van die grootste uitdagings vir die AHi in 2015.

Prof Tommy du Plessis, President, AHi

## Kongres 2015

In oorleg met die Direksie, die Provinsiale en Nasionale Raad, sal die beoogde Kongres vir 2015 in die Wes-Kaap te George aangebied word.

# Pravin Gordhan ontvang hoogste eerbewys van AHi

Pravin Gordhan, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, was vanjaar die ontvanger van die M.S. Louw-toekenning. Dis die hoogste eerbewys wat die AHi jaarliks toeken aan 'n Suid-Afrikaanse persoonlikheid wat 'n invloedryke rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul. Vorige ontvangers was Louis von Zeuner, vorige adjunk uitvoerende hoof van ABSA, wat die toekenning in 2012 ontvang het en Sipho Nkosi, uitvoerende hoof van Exxaro wat die toekenning in 2013 ontvang het.

Die M.S. Louw-toekenning verwys na dr MS (Tinie) Louw, 'n medestigter van die AHi in 1942 en wat ook as AHi-president vanaf 1944-1956 gedien het. Hy was ook 'n entrepreneur in eie reg en het in die direksies van Sanlam en Sasol gedien. Sanlam het die M.S. Louw-toekenning in 1976 aan die AHi geskenk en hierdie toekenning is sedertdien die hoogste eerbewys van die AHi en word toegeken aan iemand wat 'n uitsonderlike bydrae tot die SA sakelewe lewer.

Ben Deysel, voormalige president van die AHi, het in sy toespraak hulde gebring aan Pravin Gordhan se bydrae tot die omvorming van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Hy het ook Gordhan geloof vir sy begrip van finansiële markte in sy rol as voormalige minister van finansies en die waardigheid en gesag waarmee hy Suid-Afrika internasionaal verteenwoordig het. Hy het ook die AHi se steun vir Pravin se 'Terug na die basiese-veldtog' vir munisipaliteite beloof.

Gordhan het in sy antwoord daarop gewys dat die toekenning vir hom 'n hoogs emosionele ervaring is en dat hy, gegewe die geskiedenis van ons land, baie waarde daaraan heg. Hy het dit ook as 'n hoogtepunt in sy loopbaan beskryf en het die AHi geloof vir sy rol om gemeenskappe oor grense heen te versoen.

Dis veral die rol van sakekamers in plaaslike ekonomiese herlewing en in entrepreneursopleiding wat hom opval. Die AHi is ook vir hom 'n versinnebeelding van die Mandela-droom om 'n inklusiewe ekonomie te bou waarby alle Suid-Afrikaners baat vind.



*Minister Pravin Gordhan ontvang die AHi se hoogste eerbewys, die MS Louw toekenning van die voormalige AHi President, Ben Deysel*

# Ontwikkelingsprogram vir beginner entrepreneurs



Minister van Kleinsakeontwikkeling, Lindiwe Zulu, saam met beginner-entrepreneurs tydens die AHi-kongres

In haar voorlegging het minister Zulu die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) voorgehou as die basis vir die ontwikkeling van kleinsake. Nie slegs beklemtoon die NOP die rol van die kleinsakesektor om werk te skep nie. Maar dit beloof ook uitgebreide ondersteuning vir kleinsake deur beter koördinering van alle toepaslike agentskappe, ontwikkelingsfinansieringsinstellings en openbare en private inkubators.

Die kongres van die AHi wat onlangs gehou is, was 'n keerpunt vir die organisasie se rol in ondernemingsontwikkeling in Suid-Afrika. Sestien opkomende entrepreneurs van regoor Suid-Afrika het die kongres, wat by die Sibaya-konferensiesentrum in Durban gehou is, bygewoon. Hulle is gekies uit meer as 600 entrepreneurs in Suid-Afrika wat die AHi se entrepreneursprogram vir opkomende entrepreneurs bygewoon het.

Die program word geïmplementeer in samewerking met plaaslike sakekamers en die deelnemers moes sakeplanne inhandig, wat deur kundiges geëvalueer is. Absa, as die nasionale borg, het die AHi in staat gestel om vir die entrepreneurs se reis- en verblyfkostes te betaal. Die geleentheid om te gesels met die minister van Kleinsake, Lindiwe Zulu, en om skouers te skuur met ervare sakelui, was 'n besondere ervaring. Ook die leierskap van BUSA was teenwoordig.

Verder beloof dit ook om die koste van finansiële ondersteuning te verminder en ook beter toegang vir klein en medium ondernemings tot finansiële dienste. Die NOP is ook verbind tot die vermindering van burokratiese rompslomp, om voortgaande opleiding aan alle werkers te gee en om plaaslike nywerhede en werkskepping te ondersteun deur seker te maak dat voorkeur gegee word aan plaaslike nywerhede wanneer openbare en privatre aankope ter sprake is.

Minister Zulu het ook verwys na die toewyding en ywer van Afrikaanssprekende sakelui en het die jong entrepreneurs aangemoedig om in hulle voetspore te volg. Sy het dit egter duidelik gemaak dat haar ministerie nie die misbruik van finansiële ondersteuning vir die aanvang van ondernemings, en swak finansiële bestuur en verkwisting sal duld nie. Aan die ander kant sal verantwoordbare, groeiende en volhoubare sake onder goeie leiding beloon word.

# Sakekamer van die Jaar-toekennings

## George verower Presidentstrofee

Die wenner van vanjaar se AHi Sakekamer van die Jaar-kompetisie is George Sakekamer, wat die AHi se Presidentstrofee verower het.
Die George Sakekamer met sy 263 lede is baie aktief in die Suid-Kaap en fokus op aktiwiteite wat gemik is op die bevordering van netwerking tussen gevestigde besigheidslede en die aanbied van opleidingsgeleenthede vir jong entrepreneurs.

Netwerksessies gedurende die afgelope jaar het 'n reeks kontak- en sakegeleenthede vir lede verskaf. Meer as 15 suke geleenthede is hierdie jaar gehou en het gefokus op temas soos: hoekom netwerk?, eerste indrukke, persoonlike handelsmerk, suksesverhale, lyftaal en houding, slaggate in netwerking, die belangrikheid van opvolg en die bestuur van kulturele diversiteit en konflik.

Dr Willie Celliers, huidige voorsitter van George Sakekamer, is ook passievol oor die bemagtiging van sakelui. Inisiatiewe wat hiermee verband hou sluit in entrepreneursopleiding in samewerking met die AHI vir jong entrepreneurs in George, finansiële opleiding vir opkomende entrepreneurs in Thembalethu, mentorskap vir die Kannaland Kleinsakeontwikkelingskamer en die vestiging van kamers in die Groot Brakriver-gebied. Willie dien ook op die raad van die AHi Wes-Kaap en het 'n weeklikse praatjie op Eden FM waar hy verskeie sakeverwante aspekte bespreek.

Samewerking met munisipaliteite is 'n prioriteit vir beide die George en Waterberg Sakekamers.

In hulle toesprake het beide minister Pravin Gordhan, verantwoordelik vir plaaslike owerheid, en minister Lindiwe Zulu van die departement van kleinsake, beklemtoon hoe belangrik die rol is wat inklusiewe en professioneel-bestuurde sakekamers op die plaaslike vlak speel. Beide het hulle ook verbind tot nouer samewerking met plaaslike sakekamers en wil sien dat plaaslike sakekamers aktief deelneem in plaaslike regering se wykkomitees.

Die AHi, as 'n lid van BUSA, het ook sy verbintenis beklemtoon om saam met munisipaliteite en die departement vir klein sakeontwikkeling te werk om plaaslike ekonomiese omstandighede te verbeter en om te help met die daarstel van 'n inklusiewe ekonomie deur die bemagtiging van jong entrepreneurs.




*Dr Willie Celliers, voorsitter en verteenwoordigers van die George Sakekamer saam met ministers Gordhan en Zulu*

# *Sakekamer van die Jaar-toekennings*

## Waterberg verower Visepresidentstrofee




*Die voorsitter van die Waterberg Sakekamer, Fernando Goncalves neem die vise-presidentstrofee in ontvangs*

Die Waterberg Sakekamer van Modimolle is tydens die AHi se kongres in Durban op 10 Oktober 2014 as Sakekamer van die jaar in die medium kategorie aangewys.

Hierdie kongres is deur verteenwoordigers van die grootste maatskappye in Suid-Afrika en van sakekamers dwarsoor die land bygewoon. Mnre Fernando Goncalves (voorsitter), Gerhardt Breytenbach (bestuurslid) en me Sonette Ebersöhn (skakelbeampte) het die Waterberg Sakekamer by die kongres verteenwoordig.

Van die prominente gassprekers by die kongres was meneer Senzo Mchunu, premier van KwaZulu-Natal, Minister Pravin Gordhan, Minister van Samewerkende regering en tradisionele aangeleenthede, Minister Lindiwe Zulu, Minister van Kleinsake-ontwikkeling en mnre Willie Lategan van Barclays Africa en Theo Vorster, bekende finansiële kundige en televisiepersoonlikheid.

Sakeverteenwoordigers van die Waterberge was dit eens dat dit 'n voorreg was om die kongres by te woon en dat dit 'n openbaring was om die positiewe gees tussen verskillende sake-rolspelers in Suid-Afrika eerstehands te kon ervaar. By die kongres was daar veral twee onderwerpe wat duidelik uitgestaan het, naamlik:

- Dat daar steeds ongelooflike sakegeleenthede in Suid-Afrika is ten spyte van verskeie uitdagings wat ons ekonomie in die gestig staar. In dié verband was die kernboodskap dat daar met elke verandering 'n nuwe geleentheid geskep word en dat dit positiewe mense verg om daardie geleenthede raak te sien en te ontgin;
- Dat daar 'n behoefte vir nouer samewerking tussen rolspelers in die private besigheidsektor en die owerheid, wat plaaslike owerhede op grondvlak insluit, is. Die AHi en die sakekamers kan saam met ander besigheidsorganisasies soos BUSA op 'n georganiseerde wyse 'n konstruktiewe rol in dié verband speel.

Die hoogtepunt van die kongres was die galadinee wat ná die formele verrigtinge plaasgevind het en waartydens die Waterberg Sakekamer as die wenner vir medium sakekamers aangewys is.

# Moenie die krag van vroue onderskat nie

Die jaar 2014 sal vir 'n aantal mylpale onthou word. Dit sluit in Suid-Afrika se viering van 20 jaar van demokrasie, die hou van vrye, deursigtige en regverdige verkiesings en die eerste viering, as 'n nasie, van oud-president Mandela se verjaardag, in sy afwesigheid.

Verder herbevestig 2014 ook die SA Raad vir Sakevroue as 'n organisasie wat trou gebly het aan sy verbintenis tot vrouebemagtiging, aangesien hy sy 26ste bestaansjaar vier.

Ek het persoonlik waardering vir die platform wat die organisasie daargestel het vir vroue van alle agtergronde ten opsigte van persoonlike en besigheidsgroei. Dit was in 'n verskeidenheid vorms, maar dit is deur die reis deur die land na takke en die netwerking met vroue dat ek besef het dat, as 'n kollektief, deel ons meer ooreenkomste en passie vir die organisasie en die land met betrekking tot die lot van vroue en hulle bevordering daarvan.

Met groot vooruitgang ten opsigte van vroue in die afgelope 20 jaar, bly daar 'n groot verantwoordelikehid op ons skouers om voort te gaan met die bemagtiging van ander vroue op die periferie. Te veel vroue, in Suid-Afrika en oor die wêreld, word nog steeds met versperrings tot finansiële onafhanklikheid gekonfronteer. Wanneer vroue nie ekonomiese mag het nie, ly gemeenskappe! Ons moet ekonomiese versperrings vir vroue in ons waardeketting verwyder. Ons kan nie langer bekostig om die potensiaal van die helfte van die wêreld se bevolking te mors nie. Dit is 'n saak van geregtigheid en dit maak goeie sake- en ekonomiese sin.

Die SA Raad vir Sakevroue het sy prestasies gevier met sy nasionale kongres en gala op 13 September in Pretoria. Ons was bevoorreg om die adjunkminister van kommunikasie, Stella Ndabeni-Abrahams, as ons gasspreker te hê. Die minister het die vroue aangemoedig om ten volle deel te neem aan ons land se besluitnemingsprosesse. “Dit kan nooit reg wees nie dat ons, as politici, êrens sit en beleid uitwerk nie... Maar wanneer ons openbare verhore of vergaderings hou, kom mense nie, raak nie betrokke nie en kom nie met voorstelle waarby hulle sal baat nie.” Sy het ook gesê dat dit belangrik is dat vroue gebruik maak van platforms soos die SA Raad vir Sakevroue om die deelname van vroue in die hoofstroom van die ekonomie te verhoog.

Die hoogtepunt van die jaar is die vind van die “diamante” vir ons Sakevrou van die Jaarkompetisie. Ek is altyd verras om na die suksesverhale van die deelnemers, wat suksesvol was en trots is om aan die kompetisie deel te neem, te luister. Die transformasieproses is belangrik vir ons organisasie om te groei en dit val op dat die nasionale finaliste vanjaar ons land se diversiteit verteenwoordig, asook die jeug. Die Raad se Sakevrou van die Jaar-toekennins is by die galadinee oorhandig. Ivy Meyer van Lakeside in Kaapstad is as Vroue-entrepreneur van die Jaar aangewys. Meyer is beloon vir die suksesvolle twee projekte wat sy bestuur, wat haar gemeenskap bemagtig, veral jongmense en mense met gestremdhede. Meyer, die direkteur van Rapitrade 458 Pty Ltd, en 'n stigter van Out of Africa Dance Academy, was opgewonde om as een van die bestes tussen baie aangewys te word. Abigail Mahlangu, eienaar van Tushiyah Services het die Professionele kategorie gewen. Haar besigheid het ontstaan uit die behoefte om die gewone Suid-Afrikaner te mobiliseer en op te lei om buitengewone sakeresultate te lewer. Anita Botes, 'n agent by Harcourts Witbank, was die wenner van die Korporatiewe kategorie. Sy is 'n suksesgedrewe mens, het 'n passie vir mense en wil positiewe resultate sien in alles wat sy doen.

Die President vir 2015, Cerita Nagy en die twee visepresidente, Diana Jansen en Mallory Lambert, is ook by die galafunksie bekendgemaak.

Die vennootskap met The Job Club sal geleenthede daarstel om volhoubare inkomste en besigheid deur die lede van die SA Raad vir Sakevroue te skep. Hulle ondersteuning om werk- en besigheidsgeleenthede te skep sal 'n positiewe verandering in ons gemeenskappe teweegbring.

Die iDuc-projek, ons sosiale verantwoordelikheidsinisiatief, is gerig op die bevordering van “Geen geweld teen vroue en kinders”, en het baie lewens geraak. Die loodsprojek in Potchefstroom het die norm gestel vir die ondersteuning van krisissentra en die opleiding van leke-beraders om steun in gemeenskappe te verskaf en werk te skep. Onderhandelings met die Universiteit van Noordwes gaan voort.

Die lede van die SA Raad vir Sakevroue, met hul kundigheid, is ons grootste bate. Ons moet hierdie bate benut om die organisasie te laat groei en om gesien en ervaar te word as 'n organisasie waarvan vroue graag 'n lid wil word.

Ons moet nie die krag in vroue onderskat nie en die merkbare verskil wat ons kan maak indien ons saamstaan met dieselfde fokus en doelwitte in gedagte.



Sakevrou van die Jaar Ivy Meyer, Cerita Nagy, nuutverkose president vir 2015, Elise Coetser van die Job Club, Hester du Bruyn, vorige SACBW-president, Anita Botes, wenner van die Korporatiewe Kategorie en Abigail Mahlangu, wenner van die Professionele Kategorie




Van links, Riaan Odendaal, Christo van der Rheede, mnr Banie Claasen, Barclays Africa, hoofborg van AHi-kongres, mev Weziwe Gcotyewa Thusi, KZN LUK vir sosiale ontwikkeling, mnr Edward Senzo Mchunu, Premier van Kwazulu-Natal, wat die kongres geopen het, en Ben Deysel




Van links, Christo van der Rheede, gassprekers mnr Theo Vorster, Minister Pravin Gordhan, Minister Lindiwe Zulu, mnr Willie Lategan, Ben Deysel en prof Carolina Koornhof



Sakkie Jacobs van Vanderbijlpark ontvang 'n eretoekenning van die AHi en Vanderbijlpark Sakekamer vir sy betrokkenheid oor veertig jaar



*Ansie Nieuwenhuis, voorsitter van AHI-KZN, gasheer van vanjaar se kongres, saam met Theo Vorster*



*KZN-leierskap Aart Verrips (links), Riaan Odendaal (regs) saam met minister Pravin Gordhan*

*Santam afgevaardigdes John Lomberg en Me Ray-Ann Sedres saam met minister Pravin Gordhan*



# LEDELYS

## PROVINSIALE RAAD

## Voorsitter:Hettienne von Abo-Moolman

Me H Von Abo-Moolman
Ondervoorsitter: AHi Vrystaat
056 515 3549 of 083 439 1140
louvre@act.co.za

Mnr M Claase
President: AHi Mpumalanga
marcel.claase@eduardo.co.za

Me L Claase
Alternatief: AHi Mpumalanga
013 656 1567 of 084 556 8414
use@netactive.co.za

Me A Nieuwenhuis
President: AHi KZN
031 903 8158 of 082 923 7850
sales@fouuntain2.co.za

Mnr G Marais
Voorsitter: AHi Gauteng
012 664 6559 of 083 284 1993
gerhard@voxfire.co.za

Me Y le Roux
Voorsitter: AHi Oos-Kaap
083 649 9378
tcupprogram@gmail.com

Mnr J Janse van Rensburg
Voorsitter AHi Noord-Wes
082 450 0451
johanj@alsgroup.co.za

Mnr O King
Voorsitter: AHi Wes-Kaap
028 424 2890 of 082 613 9183
ortonk@agrimega.co.za

Mnr C Vermeulen
Ondervoorsitter: AHi Limpopo
082 897 2766
accounts@decavision.co.za

Mnr W Venter
Ondervoorsitter: AHi Mpumalanga
082 452 9306
wesselv@telkomsa.net

Mnr C Thomas
Ondervoorsitter: AHi Vrystaat
051 407 8374 of 082 575 9268
Carel.thomas@sanlam.co.za

Mnr R Odendaal
Alternatief: AHi KZN
082 923 8480
riaanodendaal@telkomsa.net

Mnr E Coetzee
Alternatief: AHi Gauteng
Tel: 012 305 2380 of 078 120 0162
Etienne.coetzee@petradiamonds.com

Mnr W Cronje
Ondervoorsitter: AHi Oos-Kaap
083 432 8108
wkfin@netcom.co.za

Mnr P Malan
Ondervoorsitter: AHi Noord-Wes
082 801 5038
pieterm1@telkomsa.net

Mnr S Rayban
Ondervoorsitter: AHi Wes-Kaap
082 578 1572
raz@intekom.co.za

| AHi - KALENDER 2015 | | | |
|---|---|---|---|
| **MAAND** | **VERGADERING** | **TYD** | **PLEK** |
| **FEBRUARIE** | | | |
| 2 Februarie | Ouditkomitee | 15:00 - 16:30 | AHI-kantoor |
| 10 Februarie | Direksie | 09:00 - 12:30 | AHI-kantoor |
| **MAART** | | | |
| 19 Maart | Voorsittersforum | 09:00 - 11:00 | Wes-Kaap |
| | Provinsiale Raad | 09:00 - 11:00 | |
| | Nasionale Raad | 11:15 - 13:00 | |
| | Middagete | 13:00 - 14:00 | |
| | NR werksessie, sprekers | 14:00 - 17:00 | |
| | Netwerkfunksie | 19:00 | |
| 20 Maart | Raad v Trustees | 12:00 vir 12:30 | Wes-Kaap |
| **MEI** | | | |
| 18 Mei | Ouditkomitee | 15:00 - 16:30 | AHI-kantoor |
| 26 Mei | Direksie | 09:00 - 12:30 | AHI-kantoor |
| **JUNIE** | | | |
| 11 Junie | Voorsittersforum | 09:00 - 11:00 | Pretoria |
| | Provinsiale Raad | 09:00 - 11:00 | |
| | Nasionale Raad | 11:15 - 13:00 | |
| | Middagete | 13:00 - 14:00 | |
| | NR werksessie, sprekers | 14:00 - 17:00 | |
| | Netwerkfunksie | 18:30 vir 19:00 | |
| **JULIE** | | | |
| 13 Julie | Ouditkomitee | 15:00 - 16:30 | AHi-kantoor, Pta |
| 21 Julie | Direksie | 09:00 - 12:30 | Sandurst |
| | President: Middagete | 12:30 - 14:30 | Sandhurst |
| **AUGUSTUS** | | | |
| 13 Augustus | Voorsittersforum | 09:00 - 11:00 | Midrand |
| | Provinsiale Raad | 09:00 - 11:00 | |
| | Nasionale Raad | 11:15 - 13:00 | |
| | Middagete | 13:00 - 14:00 | |
| | NR werksessie, sprekers | 14:00 - 17:00 | |
| | Netwerkfunksie | 18:30 vir 19:00 | |
| 31 Augustus | Ouditkomitee | 15:00 - 17:30 | AHi, Pretoria |
| **SEPTEMBER** | | | |
| 8 September | Direksie | 09:00 - 12:30 | Sandhurst |
| | Trustee-byeenkoms | 12:30 - 14:30 | Sandhurst |
| **OKTOBER** | | | |
| 21-23 Oktober | Kongres | | George |
| **NOVEMBER** | | | |
| 2 November | Ouditkomitee | 15:00 - 17:30 | AHi, Pretoria |
| 12 November | Voorsittersforum | 09:00 - 11:00 | AHi, Pretoria |
| | Provinsiale Raad | 09:00 - 11:00 | |
| | Nasionale Raad | 11:15 - 13:00 | |
| | Kongres, resolusies, bepl. | 11:15 - 13:00 | |
| | Middagete | 13:00 - 14:00 | |
| | Nasionale Raad (voorts) | 14:00 - 17:00 | |
| | | | |